higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

DAGSORGPERSONEELONTWIKKELING N4

(4110384)

15 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
DAGSORGPERSONEELONTWIKKELING N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n Dagsorgsentrum se program moet ... wees.

A konkreet
B abstrak
C buigsaam

1.1.2 Op die dag van die vergadering moet die onderwyser-versorger seker maak ...

A daar is genoeg papier in die badkamer.
B die bywoningsregister geteken word.
C daar is ekstra kopieë van die agenda.

1.1.3 'n Baba van … sal 'n eenvoudige prenteboek verkies.

A 18 maande
B 12 maande
C 6 maande

1.1.4 Die riglyne van die dagsorgsentrum word uiteengesit in die ...

A notule.
B grondwet.
C agenda.

1.1.5 Registrasie by 'n betrokke departement word nie vereis vir 'n ... nie.

A speelgroep
B crèche
C kleuterskool

1.1.6 'n Stoep kan gebruik word vir ... aktiwiteite.

A kreatiewe
B manipulerende
C lees-

1.1.7 Die … vorm voorsien die dagsorgsentrum van al die nodige inligting oor die kind.

A registrasie-
B verslag-
C aansoek-

1.1.8 'n ... is gerieflik en spaar baie tyd en moeite.

A Skemerkelkfunksie
B Kaas-en-wyn funksie
C Buffet

1.1.9 Eet daagliks baie ...

A vrugte en groente.
B grane en graankos.
C melk en suiwel.

1.1.10 Wanneer die onderwyser-versorger die gas op 'n radioprogram vir kinders is, sal dit 'n ... onderhoud wees.

A oorredende
B inligtings-
C werk-

(10 × 2) (20)

1.2 Kies 'n term uit die volgende lys wat by elk van die beskrywings hier onder pas. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer. Sekere terme mag twee keer gebruik word.

sosiale ontwikkeling; taalontwikkeling; fyn motoriese ontwikkeling; emosionele ontwikkeling; toiletroetine; intellektuele ontwikkeling; eetroetine; groot motoriese ontwikkeling

1.2.1 Onthou woorde van liedjies en rympies

1.2.2 Gebruik 'n lepel

1.2.3 Toilet-opleiding

1.2.4 Kan tot by vyf tel

1.2.5 Begin op 'n driewiel ry

1.2.6 Help opruim

1.2.7 Begin om skêr te gebruik

1.2.8 Skei van ouers sonder om te huil

1.2.9 Kan 'n groot bal met albei hande vang

1.2.10 Gebruik volsinne wanneer met ander kommunikeer

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 Jy hoef nie jou spanmaats se gevoelens in aanmerking te neem wanneer hulle nie met jou saamstem nie.

1.3.2 'n Houthuisie agter in die erf voldoen aan al die bouvereistes vir 'n speelskool.

1.3.3 Die 'trek' faktor is een van die hoofredes vir verstedeliking.

1.3.4 Die kleinbordjie word regs van die vurke gedek wanneer dit vir brood of slaai gebruik gaan word.

1.3.5 'n Polisie-uitklaring moet jou aansoek vir 'n pos as 'n onderwyser-versorger vergesel.

1.3.6 Doeltreffende spanne behaal doelwitte.

1.3.7 Die hors d'oeuvre is die hoofgereg.

1.3.8 Die vorm van die tafeldoek hoef nie dieselfde vorm as die tafel te wees nie.

1.3.9 'n Dempkleed beskerm houttafels teen hitte en vlekke.

1.3.10 Konflik kan uitgestel word vanweë 'n onbeplande besoek van 'n ouer.

(10 × 2) (20)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Kreatiewe aktiwiteite is 'n noodsaaklike deel van die daaglikse program omdat dit kinders die geleentheid gee om hulle deur die medium van kuns uit te druk.

2.1.1 Noem DRIE kunsaktiwiteite waaruit die kind kan kies. (3)

2.1.2 Verduidelik kortliks die uitleg van die kreatiewe area. (4 × 1) (4)

2.2 Verduidelik die rol van die onderwyser-versorger tydens vryspel-aktiwiteite. (4 × 1) (4)

2.3 Noem en verduidelik DRIE soorte vergaderings. (3 × 2) (6)

2.4 Jy is op die kortlys vir 'n pos as 'n onderwyser-versorger by een van die plaaslike speelskole.

Verduidelik kortliks wat jy moet doen:

2.4.1 Vóór die onderhoud (5 × 1) (5)

2.4.2 Tydens die onderhoud (5 × 1) (5)

2.5 Verduidelik die eienskappe van 'n bevoegde onderwyser-versorger aan die onderhoudvoerder. (8 × 1) (8)

2.6 Noem VYF benodighede wanneer 'n tafel gedek word. (5)

2.7 Jy het opgemerk dat sekere van die kinders ongesonde eetgoed skool toe bring.

Noem en verduidelik die VYF voedselgroepe en die belang van gesonde eetgewoontes aan die ouers. (5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 3

3.1 Noem DRIE verantwoordelikhede wat kollegas teenoor mekaar het tydens spanwerk. (3)

3.2 Noem SEWE faktore wat oorweeg moet word wanneer jy jou dag en die aktiwiteite by die dagsorgsentrum beplan. (7)

3.3 Die parkeerarea van 'n dagsorgsentrum moet goed beplan wees.

Verduidelik kortliks die uitleg van die parkeerarea. (5 × 1) (5)

3.4 Noem VYF verbale aksies om tydens 'n onderhoud in gedagte te hou. (5)

3.5 Noem SEWE houdings wat gesonde menseverhoudings kweek. (7)

3.6 Wat is die doel van 'n werkonderhoud? (2)

3.7 Beplan 'n tema vir Mei-maand. Jou beplanning moet die volgende insluit:

3.7.1 Naam van die tema (2)

3.7.2 Verskeie kunsaktiwiteite wat die tema integreer (4 × 1) (4)

3.7.3 Apparate wat nodig is vir die verskillende kunsaktiwiteite. (5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

3.8 Kies EEN term uit die volgende lys vir elk van die beskrywings hier onder. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.8.1–3.8.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

optimisties; choleries; introvert; melancholies; ekstrovert; flegmaties

3.8.1 Uitgaande; sosiaal; joviaal

3.8.2 Hartseer, depressief en sensitief

3.8.3 Optimisties, hoopvol en impulsief

3.8.4 Kalm, apaties en onversteurd

3.8.5 Skaam; teruggetrokke, alleen

3.8.6 Opvlieënd, baasspelerig, dominant en veeleisend

(6 × 1) (6)

3.9 Noem VIER eienskappe van 'n speelgroep. (4)
[50]

VRAAG 4

4.1 Noem AGT beginsels van 'n goeie en doeltreffende dagsorgsentrum. (8)

4.2 Beskryf die administrasie van 'n dagsorgsentrum en gee voorbeelde. (10)

4.3 Noem SES items wat in die dagsorgsentrum se grondwet vervat is. (6)

4.4 Noem SES leerareas in die kleuters (3–6 jaar) se speelkamer. (6)

4.5 Noem VYF wenke om van spyseniers gebruik te maak by 'n vergadering. (5)

4.6 Noem en beskryf VYF tipes *opvolgonderhoude.* (5 × 2) (10)

4.7 Verduidelik kortliks die rol van die onderwyser-versorger ná die vergadering wat in VRAAG 4.5 genoem word. (5)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL : 200

Kopiereg voorbehou